

PAIA-HANDLEIDING
NASPERS BEPERK
(Registrasienommer: 1925/001431/06)
en verskeie van sy filiale
(NASPERS)

HANDLEIDING VOORBEREI IN OOREENSTEMMING MET ARTIKEL 51 VAN DIE WET
OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, WET 2 VAN 2000 (DIE WET)
(PAIA)



NASPERS

Inhoud

1.	DOEL VAN DIE PAIA-HANDLEIDING	3
2.	DEFINISIES EN INTERPRETASIES	3
3.	KONTAKBESONDERHEDE	4
4.	RIGLYNE VAN INLIGTINGSREGULEERDER	4
6.	BESKRYWING VAN DIE REKORDS VAN NASPERS WAT BESIKBAAR IS IN OOREENSTEMMING MET ENIGE ANDER WETGEWING	6
7.	BESKRYWING VAN DIE DOMEINE WAAROP NASPERS REKORDS HOU EN KATEGORIEË VAN REKORDS GEHOU OP ELKE ONDERWERP BY NASPERS	7
8.	VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING	8
9.	PROSEDURE VIR DIE VERKRYGING VAN TOEGANG TOT INLIGTING	9
10.	BESIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING	11
11.	HERSIENING VAN DIE HANDLEIDING	11
12.	NASPERS SE VERSKEIE FILIALE	11
13.	AANSOEKVORMS	12

1. DOEL VAN DIE PAIA-HANDLEIDING

Hierdie Paia-handleiding is nuttig vir die publiek om:

- 1.1 die kategorieë van inligting wat deur 'n entiteit gehou word na te gaan wat beskikbaar is sonder dat 'n persoon 'n formele Paia-versoek hoef in te dien;
- 1.2 'n voldoende begrip te hê van hoe om 'n versoek vir toegang tot die dokumente aan iemand te rig, deur 'n beskrywing te verskaf van die onderwerpe waaroor die entiteit inligting hou en die kategorieë van inligting wat oor elke onderwerp gehou word;
- 1.3 die beskrywing te ken van die inligting van die entiteit wat ooreenkomstig enige ander wetgewing beskikbaar is;
- 1.4 toegang te verkry tot al die relevante kontakbesonderhede van die Inligtingsbeampte en Adjunk-inligtingsbeampte(s) wat die publiek sal bystaan met die inligting wat hulle beoog om toegang tot te verkry;
- 1.5 die beskrywing te ken van die gids, wat deur die Reguleerder bygewerk is, oor hoe om Paia te gebruik en hoe om toegang daartoe te verkry;
- 1.6 te weet of die entiteit persoonlike inligting sal verwerk, die doel van die verwerking van persoonlike inligting asook die beskrywing van die kategorieë van datasubjekte en die inligting of kategorieë van inligting wat daarmee verband hou;
- 1.7 die beskrywing van die kategorieë van datasubjekte en van die inligting of kategorieë van inligting wat daarmee verband hou, te ken;
- 1.8 die ontvangers of kategorieë van ontvangers te ken aan wie die persoonlike inligting verskaf kan word;
- 1.9 te weet of die entiteit beplan het om persoonlike inligting buite die Republiek van Suid-Afrika oor te dra of te verwerk asook die ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf kan word; en
- 1.10 te weet of die entiteit toepaslike sekuriteitsmaatreëls het om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die persoonlike inligting wat verwerk gaan word, te kan verseker.

Die handleiding kan van tyd tot tyd gewysig word en sodra enige wysigings gefinaliseer is, sal die jongste weergawe van die handleiding bekend gemaak word.

Enige versoeker word aangeraai om die Inligtingsbeampte te kontak indien hy/sy enige bystand benodig met betrekking tot die gebruik van hierdie handleiding.

2. DEFINISIES EN INTERPRETASIES

In die handleiding sal die volgende woorde dié betekenis hê:

- 2.1 **"Wet"** – die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (afgekort as Paia), Wet 2 van 2000, tesame met alle relevante regulasies wat gepubliseer is;
- 2.2 **"Datasubjek"** – beteken die persoon op wie persoonlike inligting betrekking het;
- 2.3 **"Gids"** – beteken die Gids oor hoe om Paia te gebruik deur enige persoon wat beoog om enige reg in Paia en die Popi-wet te wil uitoefen;
- 2.4 **"Inligtingsreguleerder"** – die Inligtingsreguleerder soos bepaal in terme van afdeling 39 van die Popi-wet;
- 2.5 **"handleiding"** – hierdie handleiding tesame met alle aanhangsels daartoe soos van tyd tot tyd by Naspers se kantore en op die Naspers-webwerf beskikbaar is;
- 2.6 **"Naspers"** – Naspers Beperk, en verskeie van sy filiale, soos uiteengesit in deel 9, bladsy 11 en verder in dié handleiding;
- 2.7 **"Republiek"** – die Republiek van Suid-Afrika;
- 2.8 **"SAMRK"** – sal Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beteken;
- 2.9 **"Paia"** – Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (soos gewysig); en
- 2.10 **"Popi"** – Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013.

3. KONTAKBESONDERHEDE

Artikel 51(1)(a) van die Wet

3.1	Naam van entiteit:	Naspers Beperk
3.2	Uitvoerende hoof:	Fabricio Bloisi
3.3	Aangewese Inligtingsbeampte:	Lynelle Bagwandeem
3.4	Aangewese Adjunk-inligtingsbeampte:	Lynne Simons
3.5	Geregistreerde adres:	Media24-sentrum Heerengracht 40 Kaapstad 8001
3.6	Posadres:	Posbus 2271 Kaapstad 8000
3.7	Adres waar dokumente gehou word:	Suite 15, 3de vloer, Oxford & Glenhove Oxfordweg 116, Houghton Estate Johannesburg
3.8	Telefoon:	+27 11 575 2804
3.9	E-pos:	cosec@naspers.com
3.10	Webtuiste:	www.naspers.com

4. RIGLYNE VAN INLIGTINGSREGULEERDER

- 4.1 Die Inligtingsreguleerder het, ingevolge Artikel 10(1) van Paia, soos gewysig, die hersiene Gids (<https://inforegulator.org.za/Paia-guidelines/>) oor hoe om Paia te gebruik, opgedateer en beskikbaar gestel, in 'n maklik verstaanbare vorm en wyse, soos redelikerwys vereis kan word deur 'n persoon wat beoog om enige reg in Paia en die Popi-wet te wil uitoefen.
- 4.2 Die Gids is beskikbaar in elk van die amptelike tale en braille.
- 4.3 Die voormelde Gids bevat die beskrywing van:
- 4.3.1 die oogmerke van Paia en die Popi-wet;
 - 4.3.2 die pos- en straatadres, telefoon- en faksnummers en, indien beskikbaar, elektroniese posadres van –
 - 4.3.2.1 die Inligtingsbeampte van elke openbare en private entiteit, en
 - 4.3.2.2 elke Adjunk-inligtingsbeampte van elke openbare en private entiteit aangewys ingevolge Artikel 17(1) van Paia¹ en Artikel 56 van die Popi-wet²;
 - 4.3.3 die wyse en vorm van 'n versoek om –
 - 4.3.3.1 toegang tot inligting van 'n private entiteit beoog in Artikel 50³; en
 - 4.3.3.2 toegang tot inligting van 'n openbare entiteit beoog in Artikel 11⁴;

¹ Artikel 17(1) van Paia – Vir die doeleindes van Paia moet elke openbare entiteit, onderhewig aan wetgewing wat die indiensneming van personeel van die betrokke openbare entiteit reguleer, soveel persone as Adjunk-inligtingsbeamptes aanwys as wat nodig is om die openbare entiteit so toeganklik as wat redelikerwys moontlik is te maak vir versoekers van inligting.

² Artikel 56(a) van die Popi-wet – Elke openbare en private entiteit moet voorsiening maak, op die wyse voorgeskryf in A 17 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, met die nodige veranderinge, vir die aanwysing van so 'n aantal persone, indien enige, as Adjunk-inligtingsbeamptes soos benodig om die pligte en verantwoordelikhede soos uiteengesit in Artikel 55(1) van die Popi-wet uit te voer.

³ Artikel 50(1) van Paia – 'n Versoeker moet toegang gegee word tot enige inligting van 'n private entiteit indien:

a) daardie inligting nodig is vir die uitoefening of beskerming van enige regte;

b) daardie persoon voldoen aan die prosedurele vereistes in Paia met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie inligting; en

c) toegang tot daardie inligting nie geweier word ingevolge enige grondige rede vir weiering soos in hoofstuk 4 van hierdie Deel beskryf is nie.

⁴ Artikel 11(1) van Paia – 'n Versoeker moet toegang gegee word tot inligting van 'n openbare entiteit indien daardie versoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes in Paia met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie inligting; en toegang tot daardie inligting word nie geweier ingevolge enige grondige rede vir weiering soos bepaal in hoofstuk 4 van hierdie Deel nie.

- 4.3.4 hulp beskikbaar vanaf die Inligtingsreguleerder in terme van Paia en die Popi-wet;
- 4.3.5 alle regsmiddels wat beskikbaar is met betrekking tot 'n optrede of versuim om op te tree ten opsigte van 'n reg of plig wat deur Paia en die Popi-wet verleen of opgelê is, insluitend die wyse van die indiening van –
 - 4.3.5.1 'n interne appèl;
 - 4.3.5.2 'n klagte by die Inligtingsreguleerder; en
 - 4.3.5.3 'n aansoek by 'n hof teen 'n besluit deur die Inligtingsbeampte van 'n openbare entiteit, 'n besluit oor interne appèl, of 'n besluit deur die Inligtingsreguleerder, of 'n besluit van die hoof van 'n private entiteit;
- 4.3.6 die bepalings van Artikels 14⁵ en 51⁶ wat vereis dat 'n openbare en private entiteit, onderskeidelik, 'n handleiding saamstel, en hoe om toegang tot 'n handleiding te verkry;
- 4.3.7 die bepalings van Artikels 17⁷ en 52⁸ wat voorsiening maak vir die vrywillige openbaarmaking van inligtingskategorieë deur onderskeidelik 'n openbare en private entiteit;
- 4.3.8 die kennisgewings uitgereik ingevolge Artikels 22⁹ en 54¹⁰ aangaande gelde wat betaal moet word met betrekking tot versoeke om toegang; en
- 4.3.9 die regulasies gemaak ingevolge Artikel 92¹¹ van Paia.
- 4.4 Lede van die publiek kan gedurende normale werksure die Gids vanaf die kantore van die openbare en private entiteite (in ten minste twee van die amptelike tale) inspekteer of afskrifte daarvan maak, insluitend die kantoor van die Inligtingsreguleerder (in elk van die amptelike tale). Die Gids kan ook in elk van die amptelike tale verkry word:
 - 4.4.1 uit die Staatskoerant;
 - 4.4.2 op versoek van die Inligtingsreguleerder, deur die Inligtingsbeampte op 'n vorm wat wesenlik ooreenstem met Vorm 1 van Aanhangsel A tot die Regulasies;
 - 4.4.3 op versoek van die Inligtingsreguleerder, deur enige persoon, behalwe 'n Inligtingsbeampte, op 'n vorm wat wesenlik ooreenstem met Vorm 2 van Aanhangsel A tot Regulasies. Die fooie met betrekking tot 'n afskrif van die Gids word voorsien in Item 1 van Aanhangsel B, kan van toepassing wees op die voorgenoemde persoon;
 - 4.4.4 vanaf die webwerf van die Inligtingsreguleerder (<https://info regulator.org.za/Paia-guidelines/>) en dié van enige openbare en private entiteite.
- 4.5 'n Afskrif van die Gids is ook gedurende gewone kantoorure vir publieke insae beskikbaar by die Naspers-kantore in die volgende twee amptelike tale:
 - 4.5.1 Engels en Afrikaans.

⁵ Artikel 14(1) van Paia – Die Inligtingsbeampte van 'n openbare entiteit moet, in ten minste drie amptelike tale, 'n handleiding beskikbaar stel wat inligting bevat wat in paragraaf 4 hierbo gelys is.

⁶ Artikel 51(1) van Paia – Die hoof van 'n privaate entiteit moet 'n handleiding beskikbaar stel wat die beskrywing bevat van die inligting gelys in paragraaf 4 hierbo.

⁷ Artikel 15(1) van Paia – Die Inligtingsbeampte van 'n openbare entiteit moet op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing van die inligtingskategorieë van die openbare entiteit beskikbaar stel wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.

⁸ Artikel 52(1) van Paia – Die hoof van 'n privaate entiteit kan op 'n vrywillige basis 'n beskrywing van die inligtingskategorieë van die privaate entiteit beskikbaar stel wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.

⁹ Artikel 22(1) van Paia – Die Inligtingsbeampte van 'n openbare entiteit aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker vereis om die voorgeskrewe versoekfooie (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.

¹⁰ Artikel 54(1) van Paia – Die hoof van 'n privaate entiteit aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker vereis om die voorgeskrewe versoekfooie (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.

¹¹ Artikel 92(1) van Paia bepaal dat – “Die Minister kan by kennisgewing in die Staatskoerant regulasies uitvaardig rakende:

a) enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word;

b) enige aangeleentheid met betrekking tot die fooie beoog in Artikels 22 en 54;

c) enige kennisgewing wat deur hierdie Wet vereis word;

d) eenvormige kriteria wat deur die Inligtingsbeampte van 'n openbare entiteit toegepas moet word wanneer daar besluit word watter inligtingskategorieë ingevolge Artikel 15 beskikbaar gestel moet word; en

e) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet.”

5. KATEGORIEË VAN REKORDS BESIKBAAR SONDER DAT 'N PERSOON TOEGANG VERSOEK

Naspers het geen afsonderlike kennis van rekords wat outomaties beskikbaar is aan versoekers nie. Die bepalings van hierdie paragraaf 5 bestaan uit die algehele rekords wat outomaties beskikbaar is vir die doel van Artikel 51(1)(b) van die Wet. Hierdie rekords is:

Kategorieë van rekords	Tipes rekords	Besikbaar op die webwerf
Groep profiel	- Doel - Strategie en sakemodel - Leierskap (bestuur en direksie)	x
Operasionele strukture	- Groepstruktuur - Lys van besighede en skakels na webwerwe	x
Beleggersinligting	- Finansiële uitslae - Jaarverslae - Beleggersinligting - Kennisgewings aan aandeelhouders	x
Bestuur en volhoubaarheid	- Bestuurstruktuur - Fokus op volhoubaarheid - Beleide - Belasting	x
Mediavrytellings	- Persverklarings - Nuus en insigte - SENS-aankondigings	x
Openbare korporatiewe rekords	- Memorandum van inkorporasie - BEE-sertifikate	x
Gepubliseerde finansiële rekords	- Jaarverslae - Finansiële jaarstate - Halfjaar uitslae	x
Privaatheid	- Naspers-privaatheidsverklaring - Privaatheidsverklaring vir Talentverkryging - Koekie-kennisgewing - Groepbeleid oor die bestuur van dataprivaatheid - Benadering tot AI-etiek -Paia-handleiding - Naspers-Paia-handleiding (Afrikaans) - Paia-riglyne	x

6. BESKRYWING VAN DIE REKORDS VAN NASPERS WAT BESIKBAAR IS IN OOREENSTEMMING MET ENIGE ANDER WETGEWING

Naspers hou inligting/dokumente in ooreenstemming met die volgende wetgewing (let asseblief daarop dat dit nie 'n volledige lys is nie):

Toepaslike wetgewing	Kategorieë van rekords
Maatskappywet, Wet 71 van 2008, soos gewysig	Memorandum van inkorporasie en ander statutêre rekords wat verband hou met die Maatskappy en sy filiale.
Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962 (Artikel 75), soos gewysig	SARS Maandelikse EMP201, Tweejaarliks en Jaarlikse EMP501 Rekonsiliasie.
Belastingadministrasiewet, Wet 28 van 2011 (Artikel 29)	Belastingrekords en liassering.
Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, Wet 89 van 1991 (Artikel 55), soos gewysig	Belastingrekords en liassering.
Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Wet 90 van	SARB liassering, goedkeuring en jaarlikse opdatering.

Toepaslike wetgewing	Kategorieë van rekords
1989, soos gewysig	
Wet op Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997 (Artikel 31), soos gewysig	Werknemer rekords/lêers (werknemerkontrakte; addendums; vorms en toepassings; mediese fonds; pensioenfondsaansoeke; ens) Digitale HR-inligtingstelsel (werknemers se verlofrekords; salarisrekords; werkrekords; ens) Plaaslike HR Intranet (Beleide; Werknemervoordele inligting)
Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, Wet 53 van 2003, soos gewysig	BBBEE-ouditlêers BBBEE-sertifikate uitgereik
Wet op Diensbillikheid, Wet 55 van 1998 (Artikel 26), soos gewysig	Diensbillikheidsplan Jaarlikse EE-verslag
Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet 85 van 1993, soos gewysig	Gesondheid- en veiligheidslêers (ongelukrekords; veiligheid-, gesondheid- en omgewingrekords, ens)
Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995, soos gewysig	Werknemerrekords/lêers (dissiplinêre rekords)
Wet op Vaardigheidsontwikkeling, Wet 97 van 1998, soos gewysig	Werkvaardigheidsplan Jaarlikse Opleidingsverslag
Wet op Vaardigheidsontwikkeling Heffing, Wet 9 van 1999, soos gewysig	SARS Maandelikse EMP201, Tweejaarliks en Jaarlikse EMP501 Rekonsiliasie
Wet op Werkloosheidsversekering, Wet 63 van 2001, soos gewysig	SARS Maandelikse EMP201, Tweejaarliks en Jaarlikse EMP501 Rekonsiliasie
Wet op Bydraes tot Werkloosheidsversekering, Wet 4 van 2002, soos gewysig	UIF Maandelikse u-Filing
Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, Wet 130 van 1993, soos gewysig	Opgawe van Inkomste en Brief van goeie stand
Handelsmerkwet, Wet 194 van 1993, soos gewysig	Alle geregistreerde handelsmerke en toepassings.

7. BESKRYWING VAN DIE DOMEINE WAAROP NASPERS REKORDS HOU EN KATEGORIEË VAN REKORDS GEHOU OP ELKE ONDERWERP BY NASPERS

- 7.1 Die dokumente/inligting gelys hieronder het betrekking op die daaglikse bestuur van Naspers se sake en ander wetgewing.
- 7.2 Dit word genoteer dat enige en alle dokumente/inligting wat op bogenoemde van toepassing is, slegs aan aansoekers beskikbaar gemaak sal word onderhewig aan die voorskrifte van die Wet.

Onderwerpe waarvoor Naspers rekords hou	Kategorieë van rekords
Strategiese dokumente	- Jaarverslae - Besigheidsplanne en begrotings - Bestuursverslae
Mensehulpbronne	- Standaard dienskontrakte - Diensbillikheidsplan en -verslag - Naspers-personeelverslag - Mensehulpbronbeleide en -prosedure - Reëls en regulasies met betrekking tot pensioen- en voorsorgfondse - Dokumentasie rakende opsieskemas vir aandele
Kommersiële dokumente	- Lewensversekering - Lys van handelsmerke en hangende aansoeke - Kommersiële kontrakte - Maatskappybeleide
Maatskappyrekords	- Konstitutiewe dokumentasie - Statuêre rekords

8. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

- 8.1 Naspers verwerk persoonlike inligting wettiglik en op 'n wyse wat nie inbreuk maak op jou privaatheid nie. Meer spesifiek, Naspers verwerk persoonlike inligting in ooreenstemming met Popi-wet en vir redes uiteengesit in ons privaatheidsbeleid wat op ons webwerf beskikbaar is. Kliek [hier](#).
- 8.2 Naspers verwerk persoonlike inligting vir die volgende doeleindes:
- 8.2.1 Om jou identiteit te bevestig om jou toegang tot sekere lêers te gee;
 - 8.2.2 bestuur korporatiewe verantwoordelikhede met betrekking tot aandeelhouerstrukture en aandeelhouerbetrokkenheid; en
 - 8.2.3 ander tipes van intellektuele besit wat aan ons of derdepartye behoort;
 - 8.2.4 insig te kry oor hoe ons besoekers die webwerf gebruik en om ons webwerfdiens te verbeter;
 - 8.2.5 bydra tot navorsing en analitiese studies, insluitend die gebruik van kunsmatige intelligensie en masjienleer;
 - 8.2.6 om aanvalle op ons webwerf te herken, voorkom en te ondersoek;
 - 8.2.7 te voldoen aan toepaslike wette;
 - 8.2.8 om toe te gee aan ons gebruiksvoorwaardes;
 - 8.2.9 enige ander doeleindes wat jy aandui wanneer jy instem om dit aan ons te voorsien; en
 - 8.2.10 deur epos, of vir subskripsies in ons Nuuskamer.
- 8.3 Beskrywing van kategorieë van Datasubjekte en van die inligting of kategorieë van inligting wat daarmee verband hou

Kategorieë van Datasubjekte	Persoonlike inligting wat verwerk mag word
Beleggers en Aandeelhouders	Name, registrasienommers (of identiteitsnommers soos van toepassing), adres, kontaknommers en bankbesonderhede.
Verbruikers (slegs wanneer hulle direk na Naspers uitreik)	Alhoewel Naspers nie self beduidende volumes verbruikers se persoonlike inligting verwerk nie, doen die meeste van die maatskappye waarin ons belê dit wel. Om meer te leer oor hoe ons beleggingsmaatskappye jou persoonlike data bestuur wanneer jy gebruik maak van hul dienste, besoek die volgende skakel vir 'n lys van maatskappye by https://www.naspers.com/companies en kry toegang tot hul Privaatheidsbeleide en/of Privaatheidsportale deur die skakels op die webblad.
Diensverskaffers	Name, registrasienommers (of identiteitsnommers soos van toepassing), adres, kontaknommers en bankbesonderhede.
Werknemers (insluitend ontvangers van internskappe en leerlingskappe)	Volle name, identiteitsnommers, adres, kontakbesonderhede, kwalifikasies, geslag en ras.
Voornemende werknemers	Naspers het 'n Talentverkryging Privaatheidsverklaring (en dis beskikbaar op die Naspers-webtuiste hier) wat handel oor die verwerking van persoonlike inligting van voornemende werknemers.

- 8.4 Die ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting mag verskaf word

Kategorieë van persoonlike inligting	Ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf mag word
Name van beleggers/aandeelhouders, registrasienommers (of identiteitsnommers soos van toepassing), adres, kontaknommers en bankbesonderhede	Met die relevante oordragsekreterisse wat deur Naspers aangestel is.
Werknemers (insluitend ontvangers van internskappe en leerlinkskappe) volle name, identiteitsnommers, adres, kontaknommers, kwalifikasies, geslag en ras	Met aangestelde ouditeurs vir verifikasie.

8.5 Beplande oorgrens vloei van persoonlike inligting

Naspers is 'n wêreldwye onderneming en kan persoonlike inligting buite die land waar dit ingesamel was oordra, insluitend buite die Republiek van Suid-Afrika.

Soort inligting	Land waar inligting gestoor is
Inligting ingesamel van die webwerf	Nederland/Europese Unie
Werknemerinligting	Nederland/Europese Unie
Beleggerinligting	Nederland/Europese Unie
Diensverskafferinligting	Nederland/Europese Unie

8.6 Algemene beskrywing van inligting sekuriteitsmaatreëls wat geïmplementeer moet word deur die verantwoordelike party om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van die inligting te verseker.

8.6.1 Fisiese sekuriteitsmaatreëls, insluitend toegangsbeheermaatreëls en interne sekuriteit protokolle is geïmplementeer om persoonlike inligting te beskerm teen ongemagtigde fisiese toegang.

8.6.2 Naspers is ook toegewyd om kuberrisiko's te identifiseer en te bestuur as deel van sy risikobestuursraamwerk. Ons Groep se kuberveiligheidsbeleid stel die verwagting aan ons besighede om op die implimentering van bestuur te fokus, te poog om kuberveilig te word, en kuberwaaksaam en kuberveerkragtig te wees. Vir meer inligting oor ons sekuriteitsbenadering, klik [hier](#).

8.6.3 Wagwoordbeleide word toegepas om te verseker dat slegs gemagtigde personeel toegang het tot sensitiewe inligting.

9. PROSEDURE VIR DIE VERKRYGING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

9.1 Voltooiing van voorgeskrewe vorm

9.1.1 'n Versoek vir toegang tot inligting moet in die voorgeskrewe vorm (Vorm 2) gemaak word aan die aangestelde Inligtingsbeampte soos hierbo aangedui.

9.1.2 Alle teksvelde in Vorm 2 moet volledig voltooi word en moet leesbaar wees. Die vorm (en enige bykomende bladsye daarby aangeheg) moet onderteken word deur die persoon wat die vorm indien.

9.1.3 Versoekers moet voldoende besonderhede voorsien om Naspers in staat te stel om te identifiseer:

- 9.1.3.1 die rekord(s) wat versoek is;
- 9.1.3.2 die versoeker (en indien 'n agent die versoek indien, bewys van kapasiteit);
- 9.1.3.3 die tipe van toegang wat vereis word;
- 9.1.3.4 die posadres of faksnommer van die versoeker in die Republiek;
- 9.1.3.5 indien die versoeker ingelig wil word van die besluit op enige wyse (benewens tot geskrewe), die wyse en besonderhede daarvan; en
- 9.1.3.6 die reg wat die versoeker wil uitoefen of beskerm met 'n verduideliking van die rede waarom die rekord vereis word om die reg uit te oefen of te beskerm.

9.2 Versoek ingevolge Popi-wet

9.2.1 Popi-wet maak voorsiening vir 'n datasubjek, deur bewys van identiteit, om Naspers te versoek om al die inligting gratis oor die datasubjek te bevestig en toegang versoek tot sodanige inligting, insluitend inligting oor die identiteit van derdepartye of kategorieë van derdepartye wat toegang tot sodanige inligting het of gehad het.

9.2.2 Popi-wet maak ook voorsiening waar die datasubjek verplig is om 'n fooi te betaal vir dienste wat aan hom/haar verskaf word, moet Naspers die datasubjek 'n skriftelike skatting van die betaalbare bedrag voorsien voordat die diens verskaf word en mag vereis dat die datasubjek 'n deposito betaal vir die hele of gedeelte van die fooi. Gronde vir die weiering van die datasubjek se versoek word in Paia uiteengesit en word hieronder bespreek.

- 9.2.3 Popi-wet maak voorsiening vir 'n datasubjek om enige tyd 'n beswaar te maak teen die verwerking van persoonlike inligting deur Naspers op redelike gronde wat verband hou met sy/haar spesifieke situasie, tensy wetgewing vir sodanige verwerking voorsiening maak. Die datasubjek moet die voorgeskrewe vorm, hierby aangeheg as Aanhangsel E, voltooi en dit by die Inligtingsbeampte indien per e-pos, fisiese adres, faksnommer of elektroniese posadres soos hierbo uiteengesit.
- 9.2.4 Die datasubjek mag Naspers versoek om persoonlike inligting oor hom/haar wat onakkuraat, irrelevant, buitensporig, verouderd, onvolledig, misleidend, of onwettig verkry is, reg te stel of te skrap; of 'n rekord van persoonlike inligting te vernietig of verwyder wat Naspers nie meer gemagtig is om te behou ingevolge Popi-wet en beperking van rekords bepalinge nie.
- 9.2.5 'n Datasubjek wat 'n regstelling of skrapping van persoonlike inligting of die vernietiging of skrapping van 'n rekord van persoonlike inligting wil aanvra, moet 'n versoek aan die Inligtingsbeampte indien per pos- of fisiese adres, faksimileenommer of elektroniese posadres soos hierbo uiteengesit op die vorm hierby aangeheg as Aanhangsel F.
- 9.2.6 Bewys van identiteit word van jou vereis om jou identiteit en versoek te bevestig. Jy kan, benewens hierdie voorgeskrewe vorm, vereis word om aanvaarbare bewys van identiteit in te dien, byvoorbeeld 'n gesertifiseerde afskrif van jou identiteitsdokument of ander wettige vorme van identiteit.

9.3 Voorgeskrewe fooie

Daar is twee kategorieë van fooie wat betaalbaar is:

- 9.3.1 Die versoekfooie: R140
- 9.3.2 Die toegangsfooie: Dit word bereken deur reproduksiekostes in ag te neem, soek- en voorbereidingskostes en poskoste. Sien asseblief Aanhangsel D.
- 9.3.3 Artikel 54 van Paia gee Naspers die reg om die bedrag te hef of 'n fooi aan te vra om die kostes van die verwerking van 'n versoek en die verskaffing van toegang tot rekords te kry. Die fooie wat gehef mag word, word uiteengesit in Aanhangsel B van die Staatskennissgewing No R 757 gedateer 27 Augustus wat ingevolge die Paia-regulasies afgekondig is. Sien Aanhangsel D.
- 9.3.4 Waar 'n besluit geneem is om 'n versoek toe te staan, sal die rekord nie bekend gemaak word tot die nodige fooie ten volle betaal is nie.
- 9.3.5 Sien asseblief Aanhangsel D vir 'n uiteensetting van die voorgeskrewe fooie.

9.4 Tydlyne vir die oorweging van 'n versoek om toegang:

- 9.4.1 Versoekings sal binne 30 (dertig) dae, tensy die versoek oorwegings bevat wat van so 'n aard is dat 'n verlenging van die tydsbeperking nodig is.
- 9.4.2 Die Inligtingsbeampte sal die versoeker in kennis stel oor die besluit, en die fooie betaalbaar (indien van toepassing) op 'n vorm wat wesenlik ooreenstem met Vorm 3 van Aanhangsel A tot Staatskennissgewing No R.757 gedateer 27 Augustus 2021 bekend gemaak onder die Paia-regulasies.
- 9.4.3 Indien 'n verlenging vereis word, sal jy in kennis gestel word met redes wat verduidelik hoekom die verlenging nodig is.

9.5 Gronde vir die weiering van toegang en beskerming van inligting:

- 9.5.1 Daar is verskeie gronde waarop 'n versoek om toegang tot 'n rekord geweier kan word. Dit sluit in:
- 9.5.1.1 die beskerming van die persoonlike inligting van 'n derdeparty (wie 'n natuurlike persoon is) van onredelike bekendmaking;
 - 9.5.1.2 die beskerming van kommersiële inligting van 'n derdeparty (byvoorbeeld: handelsgeheime, finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting wat die kommersiële of finansiële belange van 'n derdeparty kan benadeel);
 - 9.5.1.3 indien die bekendmaking sou lei tot die verbreking van 'n plig van vertroue wat aan 'n derdeparty verskuldig is;

- 9.5.1.4 indien die bekendmaking die veiligheid van 'n individue in gevaar sou stel of bevooroordeel of sekere eiendomsregte van 'n derde persoon belemmer;
- 9.5.1.5 indien die rekord gedurende geregtelike stappe vervaardig is, tensy daardie regsvoorreg laat vaar is;
- 9.5.1.6 indien die rekord handelsgeheime, finansiële of sensitiewe inhoud bevat of enige inligting wat Naspers kan benadeel in onderhandelinge of dit in kommersiële mededinging bevooroordeel; en/of
- 9.5.1.7 indien die rekord inligting bevat oor navorsing wat namens 'n derdeparty of deur Naspers uitgevoer word of gaan word.
- 9.5.2 Artikel 70 van Paia bevat 'n oorheersende bepaling. Die bekendmaking van 'n rekord is verpligtend as dit die volgende aan die lig bring: (i) 'n wesenlike oortreding van, of versuim om aan die wet te voldoen; (ii) daar 'n dreigende en ernstige publieke veiligheid- of omgewingsrisiko's is; (iii) die publiek se belange in die bekendmaking van die rekord duidelik van groter belang is as die skade besin deur die bekendmaking.
- 9.5.3 Indien die versoek vir inligting 'n derdeparty affekteer, dan moet sodanige party binne 21 (een-en-twintig) dae in kennis gestel word na die ontvangs van die versoek. Dié persone sal dan 'n verdere 21 (een-en-twintig) dae hê om 'n verhoë te rig en/of die indiening aangaande die toestaan van die versoek.

10.BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

'n Afskrif van die handleiding is beskikbaar:

- 10.1 op die Naspers-webwerf (www.naspers.com);
- 10.2 by die kantore van Naspers, vir openbare insae;
- 10.3 aan enige persoon op versoek en teen betaling van 'n redelike voorgeskrewe fooi; en
- 10.4 aan die Inligtingsreguleerder, op versoek.
- 10.5 Die versoekvorme en fooistruktuur is beskikbaar op die Inligtingsreguleerder se webwerf by <https://info regulator.org.za/>.

11.HERSIENING VAN DIE HANDLEIDING

Die uitvoerende hoof van Naspers sal op 'n gereelde basis die handleiding hersien.

12.NASPERS SE VERSKEIE FILIALE

12.1 Naspers Korporatief

Maatskappy	Registrasienuommer
Heemstede Beleggings Eiendoms Beperk	1994/005106/07
MIH Ecommerce Eiendoms Beperk	1998/005309/07
MIH Holdings Eiendoms Beperk	1993/005613/07
MIH Treasury Services Eiendoms Beperk	2007/014128/07
Naspers Beperk	1925/001431/06

12.2 Media24-groep (dié groep het sy eie Paia-handleiding op sy webwerf, www.media24.com)

Maatskappy	Registrasienuommer
Media24 Holdings Eiendoms Beperk	2006/021408/07

12.3 Takealot-groep (dié groep het sy eie Paia-handleiding op sy webwerf, www.takealot.com)

Maatskappy	Registrasienommer
Takealot Online (RF) Eiendoms Beperk	2006/021408/07

- 12.4 **Property24** (dié groep het sy eie Paia-handleiding op sy webwerf, www.property24.com) en **AutoTrader-groep** (dié groep het sy eie Paia-handleiding op sy webwerf, www.autotrader.co.za)

Maatskappy	Registrasienommer
Homefind24 Eiendoms Beperk	2008/019235/07

- 12.5 **PayU Suid-Afrika** (dié maatskappy het sy eie Paia-handleiding op sy webwerf, www.southafrica.payu.com)

Maatskappy	Registrasienommer
PayU Payments Solutions Eiendoms Beperk	2009/017393/07

13.AANSOEKVORMS

Aanhangsel A: Vorm 2: Versoek om toegang tot inligting

Aanhangsel B: Vorm 1: Versoek vir 'n afskrif van die gids van die Inligtingsreguleerder

Aanhangsel C: Vorm 1: Versoek vir 'n afskrif van die gids van die Inligtingsbeampte

Aanhangsel D: Vorm 3: Uitkoms van versoek en fooie

Aanhangsel E: Vorm 4: Interne appèl

Aanhangsel F: Vorm 5: Klagtevorm

Aanhangsel G: Vorm 13: Versoek om assessering

Aanhangsel H: Vorm 4: Beswaar teen die verwerking van persoonlike inligting

Aanhangsel I: Vorm 5: Versoek om regstelling of skrapping van persoonlike inligting of vernietiging of skrapping van vermelding van persoonlike inligting

FORM 2

REQUEST FOR ACCESS TO RECORD

[Regulation 7]

NOTE:

1. *Proof of identity must be attached by the requester.*
2. *If requests made on behalf of another person, proof of such authorisation, must be attached to this form.*

TO: The Information Officer

(Address)

E-mail address:

Fax number:

Mark with an "X"

☐

Request is made in my own name

☐

Request is made on behalf of another person.

PERSONAL INFORMATION			
Full Names			
Identity Number			
Capacity in which request is made <i>(when made on behalf of another person)</i>			
Postal Address			
